



40 Dae met persoonlike oordenkings:

Die 40 dae proses in die gemeente is ook 'n geleentheid vir jou op persoonlike vlak om 'n eenvoudige ritme met God te skep om meer intensioneel te leef. Neem elke dag 10 minute en gaan rustig deur die volgende bewegings met die week se teks in gedagte. Die gelykenisse wil ons help om te beweeg van “dink” na “doen”. Een idee is om vir jou 'n notaboekie, joernaal of net notes op jou foon te gebruik om elke dag 'n paar notas te maak.

3 bewegings:

1. Kom tot rus;



2. Dink;



3. Reageer





Maandag 14 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Neem 'n paar oomblikke en maak jou asemhaling stadiger en dieper en na 'n hele ruk van stilte praat sommer met die Here oor wat op jou hart is.

Dink:



Luk 10:33 ...en toe hy hom sien het hy hom innig jammer gekry.

Lees vers 33 – dink oor die mense op jou pad na wie jou hart op die oomblik uitgaan – wees sommer net bewus van hulle deur selfs 'n naam neer te skryf.

Reageer:



Besluit met wie jy hierdie week wil kontak maak omdat jou hart na hom/haar uitgaan.



Dinsdag 15 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Neem 'n paar oomblikke en maak jou asemhaling stadiger en dieper en na 'n hele ruk van stilte praat sommer met die Here oor wat op jou hart is.

Dink:

Lukas 10: 37 "Gaan maak jy ook so."



Dink 'n paar oomblikke na oor wat hierdie opdrag in vers 37 op die oomblik vir jou beteken.

Reageer:



Neem 'n besluit oor waar jy vir iemand 'n "naaste" moet gaan wees.



Woensdag 16 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Neem 'n paar oomblikke en maak jou asemhaling stadiger en dieper en na 'n hele ruk van stilte praat sommer met die Here oor wat op jou hart is.

Dink:

Ons het hierdie week bewus geword van hoe die wetsgeleerde net bekommerd was wie sy naaste is sodat hy die regte ding kon doen om die ewige lewe te kry. In plaas van om te vra “wie is my naaste” moet ons vra “waar moet ek 'n naaste gaan wees?”



Reageer:



Kyk weer na gister se besluit oor jou naaste en praar met die Here hieroor.



Donderdag 17 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Neem 'n paar oomblikke en maak jou asemhaling stadiger en dieper en na 'n hele ruk van stilte praat sommer met die Here oor wat op jou hart is.

Dink:

Lees die hele gedeelte (Luk 10:25-37) rustig deur en dink oor hoe ons behoefte om die regte ding (godsdienstig) te doen ons soms verhinder om oor grense te gaan.



Reageer:



Praat met die Here oor dit wat op jou hart is.



Vrydag 18 Augustus 2023:

Kom tot rus:



Neem 'n paar oomblikke en maak jou asemhaling stadiger en dieper en na 'n hele ruk van stilte praat sommer met die Here oor wat op jou hart is.

Dink:

Gaan terug na die week se oordenkings en lees weer die teks.



Reageer:



Maak 'n "commitment" aan die Here oor waarheen hierdie gelykenis jou beweeg en gaan deel dit met iemand naby jou.
